

26 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-56

Fokusgedeelte: Lukas 1:46

God is groot in sy genadewerk

Maria het die wonderlike voorreg gehad om deur 'n engel van God en daarom deur God self 'n begenadigde genoem te kon word (vs 28). Die woordjie "begenadigde" beteken nie dat sy beter as ander mense was nie, maar dat God onverdiende guns aan haar bewys het. Sy het immers die moeder van Jesus Christus geword.

Daar is egter baie meer begenadigdes as net Maria. Elke kind van God is in Christus 'n begenadigde. Jy is daarin begenadig dat die Here by jou is, soos wat die engel vir Maria gesê het (vs 28). Jy is ook daarin begenadig dat die Here jou in sy diens wil gebruik. En al ontvang jy nie so 'n besondere roeping soos Maria nie, wil die Here jou tog ook gebruik om groot dinge te laat gebeur, om sy koninkryk te laat kom.

Miskien voel jy jou onwaardig, dat jy sondig is of dat jy nie oor die gawes beskik of die krag vir jou taak het nie. Maria het gevra: "Hoe is so iets moontlik?" (vs 34). Die antwoord wat sy van die engel ontvang het, was dat die Heilige Gees oor haar sal kom (vs 35). Jy kan alleenlik 'n bruikbare instrument in die hand van die Here wees deur die krag van die Heilige Gees. Niks is vir God onmoontlik nie (vs 37).

Dit is wat Maria uiteindelik in haar lofsang tot aanbidding gebring het. Dit kan ook nie anders nie. Die feit dat God jou begenadig, dat Hy jou in sy diens gebruik, dat Hy by jou is en jou met die krag van die Heilige Gees toerus, moet jou tot verwondering en tot aanbidding bring: "Ek besing die grootheid van die Here ..."

Sing: Skrifberyming 4-1:1

Ds CJH Breed (Secunda)

